# 1/2/3 JOHANNES

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS

KEN DIE LIEFDE

*KEN DIE LIEFDE: 'N STUDIE VAN 1, 2, 3 JOHANNES*

Kopiereg © 2020 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Ken die Liefde: 'n Studie van 1, 2, 3 Johannes* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.

Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

## BY LOVE GOD GREATLY VIND JY WARE, LEWENSEGTE VROUENS. VROUENS WAT ONVOLMAAK, MAAR TOG VERGEWE IS.

Vrouens wat minder van hulself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat graag vir God deur Sy Woord wil leer ken, want ons weet dat die Waarheid ons verander en vry maak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, deurdrenk in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Welkom vriendin. Ons is so bly dat jy hier is…

# INHOUDSOPGAWE


01 WELKOM
02 HULPBRONNE
03 LOVE GOD GREATLY
04 SOAP STUDIE
07 GETUIENIS
09 INLEIDING
10 LEESPLAN
12 JOU DOELWITTE
13 WEEK 1
38 WEEK 2
63 WEEK 3
88 WEEK 4
113 KEN HIERDIE WAARHEDE

# WELKOM

Ons is verheug dat jy by ons aangesluit het vir hierdie Bybelstudie! Eerstens, weet dat daar vir jou gebid is! Dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos wat jy elke dag in Sy Woord delf! Soos jy die dissipline ontwikkel om daagliks in God se Woord te wees, bid ons dat jy Hom meer sal liefkry soos jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voordat jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. Dit is Sy werk om tot jou te spreek, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons word in Spreuke geleer om te soek en ons sal vind: “Soek vir dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos ‘n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken.” (Spreuke 2:4)

Almal van ons hier by *Love God Greatly* kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur—en moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is saam in hierdie proses. Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd in God se Woord te spandeer! Kom ons sien wat God vir jou wil leer in hierdie studie! Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

*Maak gebruik van die volgende hulpbronne terwyl jy die studie volg:*

- Weeklikse Blogs
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Uitdagings
- Facebook, Twitter, Instagram
- LoveGodGreatly.com
- LoveGodGreatly.com/afrikaans
- Hashtags: #LoveGodGreatly #LoveGodGreatlyAfrikaans

# HULPBRONNE

*Sluit By Ons Aan*

### AANLYN

lovegodgreatly.com

lovegodgreatly.com/afrikaans

### WINKEL

lovegodgreatly.com/store

### FACEBOOK

facebook.com/LoveGodGreatly

facebook.com-Love-God-Greatly-Afrikaans-717623225000335

### INSTAGRAM

instagram.com/lovegodgreatlyofficial

instagram.com/liefgodgrootliks

instagram.com/lovegodgreatlyafrikaans

### TWITTER

@_LoveGodGreatly

### LAAI DIE APP AF

### KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com

lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com

### SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly

#LoveGodGreatlyAfrikaans

# LOVE GOD GREATLY

*Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?*

*Love God Greatly* (LGG) is 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid soorte van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord. Ons begin met 'n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem liefdevol mekaar se hande en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in 'n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoedig en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by *Love God Greatly* nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam. Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?

Wees verseker dat ons saam met jou hierdie studie gaan doen—ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, soete samesyn geniet en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer—doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat, of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek 'n groep vrouens van jou kerk of jou werk, of ontmoet in 'n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken.

Arm om arm en hand in hand. Kom ons doen dit…saam.

# DIE SOAP BYBELSTUDIE METODE

## HOE EN HOEKOM

*Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe.*

By *Love God Greatly* glo ons dat die Woord van God lewendig en aktief is. Ons glo dat die woorde van die Bybel kragtig en effektief is en toepaslik is vir die lewe in alle tye en alle kulture. Ons weet ook dat die Bybel geskryf is vir spesifieke gehore in spesifieke kulture op spesifieke tye. Ons glo dat, om die Bybel korrek te kan interpreteer, ons 'n begrip moet hê van die konteks van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode om die Bybel te bestudeer. Hierdie Engelse akroniem staan vir die woorde Scripture, Observation, Application, en Prayer (Skrifgedeelte, Observasie, Interpretasie en Gebed). Dit is een ding om net die Bybel te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor te bepeins, dan begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die Bybel en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jakobus 1:22).

In hierdie joernaal sal jy daagliks verse hê om te lees en 'n paar verse om te SOAP. Ons lees 'n gedeelte van die Bybel en pas dan die SOAP metode toe op 'n paar verse. Ons glo dat hierdie metode ons help om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Jy sal nooit tyd mors in God se Woord nie. Dit is kragtig en effektief. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

Ons moedig jou aan om die SOAP metode toe te pas wanneer jy die daaglikse verse lees. Neem asseblief die tyd om te SOAP deur ons Bybelstudies en sien vir jouself hoeveel meer jy uit jou daaglikse stiltetyd kry.

Jy sal verbaas wees.

# SOAP STUDIE *(VOORTGESIT)*

### MAANDAG

LEES
*1 Timoteus 1:1-7*

SOAP
*1 Timoteus 1:5-7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir Julle in die hemel bewaar word en waarvan Julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan Julle verkondig is. Die evangelie het Julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in Julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in Julle gewek is.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

Wanneer Jy geloof en liefde kombineer, kry Jy hoop.
Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is......dit wag op ons. Die evangelie is die Woord van Waarheid. Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste. Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander....Epafras.

**S** STAAN VIR **SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die verse ten minste een keer neer.*

*Neem jou tyd, skryf die verse uit die Bybel neer en fokus op wat jy skryf.*

*Dit is altyd goed om dit meer as een keer neer te skryf.*

**O** STAAN VIR **OBSERVATION (OBSERVASIE)**

*Neem jou tyd om die Skrifgedeelte nougeset waar te neem.*

*Wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor vir wie dit geskryf is? Met wie praat die skrywer? Watter kulturele faktore speel 'n rol? Word enige woorde of temas herhaal? Watter literêre middels (bv. beeldsprake, vergelykings) word gebruik?*

**A** STAAN VIR **APPLICATION (TOEPASSING)**

*Nadat jy nougeset waargeneem het wat in die Skrifgedeelte gebeur, bepaal wat die hoofboodskap of waarheid van hierdie gedeelte is.*

*Hoe kan jy hierdie waarheid in jou lewe toepas?*

*Wat moet jy vandag doen, in die lig van hierdie waarheid?*

*Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel....... God sal die evangelie laat versprei..... om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to EGG..."en net soos dit in die hele wereld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."

*Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

**P** STAAN VIR **PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*As Hy iets in hierdie tyd aan jou geopenbaar het, bid daaroor.*

*Bely enige sonde wat God geopenbaar het.*

*Bid oor die waarheid wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het.*



# LGG FRANSE GETUIENIS

## ANITA, SWITSERLAND

Om in God se liefde te wandel is ‘n waarheid wat al so kragtig in my lewe geopenbaar is. In my loopbaan by die Verenigde Volke het ek dikwels van amp verander. Elke keer moes ek by ‘n nuwe span aanpas en elke keer was dit ‘n uitdaging.

Toe ek by die Menslike Hulpbronnespan aangesluit het, het ek gereeld om hulp gevra omdat ek nie veel ervaring in daardie veld gehad het nie. Eenkeer toe ek by ‘n senior kollega om raad aangeklop het, het sy haar humeur met my verloor, en haar onmiddellike reaksie was vir my ‘n skok. Ek was huiwerig om haar weer te nader en het nie geweet hoe ek moes reageer nie. In plaas van om antagonisties teenoor haar op te tree, het ek vir haar begin bid en God gevra om haar te seën.

*Ons moet kies om met net soveel deernis, vriendelikheid en genade as Christus te dink, te praat en op te tree.*

Op my laaste werksdag het ek by ‘n winkel gaan blomme koop vir my bestuurder. Ek het gevoel dat die Heilige Gees by my aandring om nog ‘n bos te koop vir die kollega wat my nie wou help nie.

Ek het besluit om haar doelbewus, ten spyte van haar optrede, met God se liefde te behandel. Tot my verbasing was sy so aangeraak deur my vriendelikheid dat haar houding totaal verander het. Toe ek vir haar sê dat ek moes bedank, het sy vir morele ondersteuning en bemoediging saam met my met my bestuurder gaan praat. Sy het met daardie klein gebaar gewys hoeveel sy vir my omgee. Ek sal altyd onthou watter impak ‘n klein liefdesdaad kan hê.

Om in liefde te wandel, is ‘n keuse wat ons almal moet maak, ongeag ons omstandighede. Dié waarheid het my lewe verander omdat ek geleer het dat dit baie vrug dra. Ons moet kies om met net soveel deernis, vriendelikheid en genade as Christus te dink, te praat en op te tree. Dit het aan my ‘n gevoel van vryheid gegee, want ons hoef nie slagoffers van mense se reaksies te wees nie. Inteendeel, ons kan aanhou om ander lief te hê, hulle te seën en God te vertrou. Mag ons almal, as gelowiges en volgelinge van Christus, in liefde en eenheid met mekaar omgaan.

***Om met die LGG Franse Tak kontak te maak:***

- aimerdieudetoutcoeur@gmail.com
- facebook.com/AimerDieudetoutcoeurLGG
- instagram.com/lovegodgreatlyfrench

Ken jy iemand wat ons Love God Greatly Bybelstudies in Frans kan gebruik? Indien wel, maak ‘n punt daarvan om hulle te vertel van LGG Frans en al die wonderlike Bybelstudie-hulpbronne wat ons bied om hulle toe te rus met God se Woord!!!

# KEN DIE LIEFDE

*'n Studie van 1, 2, 3 Johannes*

*Kom ons begin*

# INLEIDING

## KEN DIE LIEFDE

*"Wees lief vir mekaar."*

Die apostel Johannes gee dertien keer in sy briewe aan sy lesers opdrag om mekaar lief te hê. Johannes het verduidelik waarom dit so belangrik is om ander lief te hê: dit beeld ons geloof in Jesus uit aan die wêreld, dit is 'n daad van gehoorsaamheid teenoor God, en dit bring vreugde vir onsself en vir ander.

Hierdie drie briewe is ongeveer tweeduisend jaar gelede geskryf deur 'n man wat saam met Jesus gewandel, gesels, gelag en gehuil het. Die boodskap van Johannes is vandag steeds vir ons van toepassing, omdat dit ons leer hoe om te lewe soos Jesus geleef het, hoe om lief te hê soos Jesus liefgehad het, en hoe ons vreugde in Hom volkome gemaak sal word.

Dit word algemeen aanvaar dat die briewe 1, 2 en 3 Johannes geskryf is deur die geliefde apostel, wat ook die evangelie van Johannes en die boek Openbaring geskryf het. Nadat Paulus en Petrus as martelare gesterf het in ongeveer 67 nC, het Johannes verhuis na Efese waar hy hierdie briewe geskryf het. Baie geleerdes dateer die Johannes-evangelie en sy drie briewe 'n rukkie na die vernietiging van Jerusalem in 70 nC en voor die ballingskap van Johannes op die eiland Patmos in 95 nC.

Hoewel die briewe met verskillende intensies en aan verskillende gehore geskryf is, dra elkeen van hierdie kort briewe 'n konsekwente tema: wees lief vir mekaar. Eerstens ondersoek Johannes die volkome godheid en volkome menslikheid van Jesus Christus en die eenheid wat gelowiges kan geniet wanneer hulle die liefde van Christus deel. Tweedens bied Johannes bemoediging om getrou te wees aan die waarheid van wie Christus is en wat Hy vir ons gedoen het. Derdens herinner Johannes ons daaraan om Christus as die middelpunt van ons harte, gedagtes en missies te stel.

In hierdie drie briewe vind ons aanmoediging om die gebooie van God te onderhou en in Hom te bly. Johannes het die diep verband tussen gehoorsaamheid en liefde ondersoek deur aan ons te toon hoe ons liefde vir God niks is sonder sy liefde vir ons nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het (1 Johannes 4:19). Aangesien dit ons begeerte is om God groots lief te hê, kom ons bestudeer die woorde van Johannes wat ons instruksies en bemoediging gee om presies dit te doen.

# SOAP LEESPLAN

## WEEK 1

Maandag
Lees: 1 Johannes 1:1–4
SOAP: 1 Johannes 1:4

Dinsdag
Lees: 1 Johannes 1:5–2:2
SOAP: 1 Johannes 1:9

Woensdag
Lees: 1 Johannes 2:3–11
SOAP: 1 Johannes 2:3–6

Donderdag
Lees: 1 Johannes 2:12–17
SOAP: 1 Johannes 2:15–16

Vrydag
Lees: 1 Johannes 2:18–27
SOAP: 1 Johannes 2:25

## WEEK 2

Maandag
Lees: 1 Johannes 2:28–3:10
SOAP: 1 Johannes 2:28–29

Dinsdag
Lees: 1 Johannes 3:11–17
SOAP: 1 Johannes 3:16–17

Woensdag
Lees: 1 Johannes 3:18–24
SOAP: 1 Johannes 3:19–20

Donderdag
Lees: 1 Johannes 4:1–6
SOAP: 1 Johannes 4:4–5

Vrydag
Lees: 1 Johannes 4:7–11
SOAP: 1 Johannes 4:10

## WEEK 3

Maandag
Lees: 1 Johannes 4:12–19
SOAP: 1 Johannes 4:16

Dinsdag
Lees: 1 Johannes 4:20–5:4
SOAP: 1 Johannes 5:3

Woensdag
Lees: 1 Johannes 5:5–12
SOAP: 1 Johannes 5:11–12

Donderdag
Lees: 1 Johannes 5:13–21
SOAP: 1 Johannes 5:14–15

Vrydag
Lees: 2 Johannes 1:1–4
SOAP: 2 Johannes 1:4

## WEEK 4

Maandag
Lees: 2 Johannes 1:5–8
SOAP: 2 Johannes 1:6

Dinsdag
Lees: 2 Johannes 1:9–13
SOAP: 2 Johannes 1:12

Woensdag
Lees: 3 Johannes 1:1–4
SOAP: 3 Johannes 1:4

Donderdag
Lees: 3 Johannes 1:5–8
SOAP: 3 Johannes 1:8

Vrydag
Lees: 3 Johannes 1:9–15
SOAP: 3 Johannes 1:11

# JOU DOELWITTE

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir hierdie studie. Neem nou tyd en skryf drie doelwitte neer waarop jy wil fokus soos jy elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende paar weke, om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

Handtekening:

Datum:

# WEEK 1

*Wie sy woord egter gehoorsaam*
*- in hom het die liefde van God*
*werklik sy doel volkome bereik.*
*Hieraan weet ons dat ons in Hom is.*

**1 JOHANNES 2:5**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou familie te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Oefen hierdie week om jou sonde te bely sodra dit gebeur. Vra God om jou sonde aan jou te openbaar en wees getrou om dit dadelik aan Hom en ander te bely. Let op hoe dit jou gesindheid en aksies rakende sonde, asook jou begrip en geloof in God se genade beïnvloed.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*1 Johannes 1:1-4*

1 Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons
eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons eie hande aan Hom geraak. Hy
is die Woord, die Lewe. 2 Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie
daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan
ons geopenbaar is. 3 Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle,
sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel
het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. 4 Dit skryf ons sodat ons
blydskap volkome kan wees.

# MAANDAG

LEES:
*1 Johannes 1:1–4*

SOAP:
*1 Johannes 1:4*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP - 1 Johannes 1:4*

DIT SKRYF ONS SODAT ONS BLYDSKAP VOLKOME KAN WEES.

*Oordenking*

Toe Jesus na die aarde gekom het was Hy nie 'n skim nie, maar God in die vlees. Mense kon Hom sien beweeg, Hom hoor praat en Hom aanraak. Dit wys dat Hy werklik verstaan het wat dit was om menslik te wees. Hy het die lewe met al sy vreugdes en pyne ervaar. Hy het geweet hoe dit was om misverstaan, alleen en ongemaklik te wees. Hy het dit alles gewilliglik deurgegaan, insluitende die dood, vir almal wat sou glo.

Johannes het uitgewys dat ons verlossing slegs deur Jesus kom. Hierdie feit moet ons bly maak. Wanneer alle ander dinge in hierdie lewe faal, kan ons hoop en vreugde vind in die wete dat Jesus gekom het om sondaars te red en dat sy verlossing nie kan faal nie.

*Gebed*

Here, ek loof U vir die uiterste waartoe U gegaan het om my te red. Ek bid dat U my grootste skat sal wees en dat die kennis van alles wat U vir my gedoen het, my grootste vreugde sal wees. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *1 Johannes 1:5-2:2*

5 Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig:
God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. 6 As ons beweer dat ons aan
Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens
die waarheid nie. 7 Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met
mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons
van elke sonde. 8 As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en
is die waarheid nie in ons nie. 9 Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en
regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. 10
As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy
woord nie in ons nie.

1 Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as
een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by
die Vader. 2 Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie,
maar ook vir dié van die hele wêreld.

# DINSDAG

LEES:
*1 Johannes 1:5–2:2*

SOAP:
*1 Johannes 1:9*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP - 1 Johannes 1:9*

MAAR AS ONS ONS SONDES BELY - HY IS GETROU EN REGVERDIG, HY VERGEWE ONS ONS SONDES EN REINIG ONS VAN ALLE ONGEREGTIGHEID.

*Oordenking*

Wanneer ons ons sondes bely, erken ons dat ons gesondig het, dat ons nie perfek of rein is nie en dat ons hulp nodig het. Daar is nie 'n dag of selfs 'n uur wat verbygaan waarin ons nie sondig nie. Ons motiewe is nie altyd suiwer nie, ons gedagtes is nie altyd goedgunstiglik nie, ons oordeel is nie altyd reg nie, ons woorde en ons stemtoon is nie altyd welwillend nie en ons aksies is nie altyd vir God aanneemlik nie. Ons moet skoongewas word, ons moet op die regte pad gebring word en ons moet gered word.

Gelukkig behoort ons aan 'n goeie God wat genadig, geduldig en mees belangrik, vergewensgesind is. As ons na Hom toe kom met ons sondes, sal Hy ons vergewe. Hy sal daardie las neem en dit in die diepste see gooi. Dan reik Hy sy hulp uit. Hy gee ons sy Woord sodat ons kan weet hoe om te leef. Hy gee ons krag om sonde te weerstaan. Hy gee ons wysheid sodat ons kan onderskei wat is goed en wat nie. Hy gee ons die Heilige Gees wat leer, korrigeer, intree en troos.

*Gebed*

Here, help my om in eerlikheid na U te kom en al my sonde en worstelinge voor U neer te lê, want ek weet dat U belowe het om my te vergewe en te help. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *1 Johannes 2:3-11*

3 As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken. 4
Iemand wat sê: "Ek ken Hom," maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar,
en die waarheid is nie in hom nie. 5 Wie sy woord egter gehoorsaam – in hom
het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons
in Hom is. 6 Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus
gelewe het.

7 Geliefdes, dit is nie 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe nie, maar 'n
ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die boodskap wat
julle gehoor het. 8 Tog is dit ook 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe. Dat
dit werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle, want die duisternis is aan die
verbygaan, en die ware lig skyn alreeds. 9 As iemand beweer dat hy in die lig is,
maar hy haat sy broer, is hy nog steeds in die duisternis. 10 Wie sy broer liefhet,
bly in die lig, en daar is niks wat hom laat struikel nie. 11 Maar wie sy broer haat,
is in die duisternis en lewe in die duisternis en weet nie waar hy gaan uitkom nie,
omdat die duisternis hom blind gemaak het.

# WOENSDAG

LEES:
*1 Johannes 2:3–11*

SOAP:
*1 Johannes 2:3–6*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP - 1 Johannes 2:3–6*

AS ONS DIE GEBOOIE VAN GOD GEHOORSAAM, WEET ONS DAARAAN DAT ONS HOM KEN. IEMAND WAT SÊ: "EK KEN HOM," MAAR NIE SY GEBOOIE GEHOORSAAM NIE, IS 'N LEUENAAR, EN DIE WAARHEID IS NIE IN HOM NIE. WIE SY WOORD EGTER GEHOORSAAM - IN HOM HET DIE LIEFDE VAN GOD WERKLIK SY DOEL VOLKOME BEREIK. HIERAAN WEET ONS DAT ONS IN HOM IS. WIE BEWEER DAT HY IN HOM BLY, BEHOORT SELF OOK TE LEWE SOOS JESUS GELEWE HET.

*Oordenking*

Baie mense bely dat hulle Christene is en dat hulle die Here liefhet, maar die bewys daarvan kom in die manier hoe hulle sy gebooie nakom. God het ons spesifieke reëls gegee wat teweegbring dat ons ons lewens op die mees Godverheerlikte manier leef. Sy gebooie is nie lukraak of na willekeur nie, hulle is nie bedoel om ons daarvan te weerhou om pret te hê of om die lewe moeilik te maak nie. Inteendeel, God se gebooie wys sy liefde vir ons deur ons te help om die lewe te leef op die manier wat Hy bedoel het vir ons om te leef.

Die wêreld se manier van leef word gekenmerk deur dwaasheid, selfsug en rebellie teenoor God. Op die ou end lei dit tot ellende, hartseer, gebrokenheid en ontevredenheid. Om 'n lewe te leef wat God se woord volg word gekenmerk deur vrede, vreugde, tevredenheid en 'n getuienis aan ander dat ons die Here werklik liefhet.

*Gebed*

Here, U is 'n goeie God wat my goeie reëls gegee het om te volg. Help my om u opdragte lief te hê en gee my die geloof wat ek benodig om te glo dat al U weë vir my goed is. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*1 Johannes 2:12-17*

12 Ek skrywe vir julle, liewe kinders, omdat julle sondes vergewe is in die Naam
van Jesus. 13 Ek skrywe vir julle, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin
af daar was. Ek skrywe vir julle, jongmense, omdat julle die Bose oorwin het.
14 Ek het vir julle geskrywe, kinders, omdat julle die Vader ken. Ek het vir julle
geskrywe, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek het vir
julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly
en julle die Bose oorwin het.

15 Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand
die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. 16 Die wêreldse dinge –
alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid
op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. 17 En die wêreld met sy
verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.

# DONDERDAG

LEES:
*1 Johannes 2:12–17*

SOAP:
*1 Johannes 2:15–16*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP - 1 Johannes 2:15–16*

MOENIE DIE SONDIGE WÊRELD EN DIE DINGE VAN DIE WÊRELD LIEFHÊ NIE. AS IEMAND DIE WÊRELD LIEFHET, IS DIE VADER SE LIEFDE NIE IN HOM NIE. DIE WÊRELDSE DINGE – ALLES WAT DIE SONDIGE MENS BEGEER, ALLES WAT SY OË SIEN EN BEGEER, AL SY GESTELDHEID OP BESIT – KOM NIE VAN DIE VADER NIE, MAAR UIT DIE WÊRELD.

*Oordenking*

Charles Spurgeon het gesê: “Jy kan nie jou hart tegelykertyd in twee teenoorgestelde rigtings stuur nie.” Die wêreld se filosofieë en sy wêreldbeskouings is in direkte teenstand met dié van God; hulle kan nie met mekaar versoen word nie. Ons moet besluit wie ons gaan volg. Sal dit die Here wees, wie se Koninkryk vir ewig bestaan, of die wêreld wat eendag vernietig sal word?

Vir die oomblik leef ons hier in hierdie wêreld. Ons word geroep om onderskeidingsvermoë en wysheid aan die dag te lê wanneer ons die dinge wat die wêreld bied, navigeer. Nie alle dinge in die wêreld is sleg nie. Jakobus vertel dat elke goeie geskenk van God is, en dat ons baie goeie dinge kan geniet (Jak. 1:17). Ons moet nooit iets meer liefhê as wat ons God liefhet nie. Ons moet styf vasklou aan ons God en alles wat aan Hom behoort, terwyl ons alles wat van hierdie wêreld is net liggies vashou.

*Gebed*

Here, dit is nie maklik om in die wêreld te leef en nie deur die weë van die wêreld beïnvloed te word nie. Gee my wysheid om te weet wat goed is en wat nie, en gee my ‘n liefde vir U wat alle dinge oortref. Amen.

# V R Y D A G

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*1 Johannes 2:18-27*

18 Kinders, dit is die laaste uur. Julle het gehoor dat daar ‘n antichris kom; en daar
is nou reeds baie antichriste. Daaruit weet ons dat dit die laaste uur is. 19 Hulle
het wel uit ons geledere voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een
van ons nie, want as hulle werklik van ons was, sou hulle by ons gebly het. Dit
moes duidelik word dat geeneen van hulle werklik een van ons is nie.

20 Julle is egter deur die Heilige Gees gesalf, en julle ken almal die waarheid. 21
Ek skrywe nie vir julle omdat julle nie die waarheid sou ken nie, maar juis omdat
julle dit ken en weet dat daar geen leuen uit die waarheid voortkom nie. 22 Wie
is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie?
Hy is die antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie. 23 Wie nie die
Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader.

24 Wat julle betref, wat julle van die begin af gehoor het, moet in julle bly. As wat
julle van die begin af gehoor het, in julle bly, sal julle ook in die Seun en in die
Vader bly. 25 En dít is wat die Seun ons belowe het: die ewige lewe. 26 Dit het ek
aan julle geskrywe oor die mense wat vir julle wil mislei.

27 Wat júlle egter betref, die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en
julle het niemand anders nodig om julle te leer nie. Sy Gees leer julle alles, en wat
Hy julle leer, is die waarheid en geen leuen nie. Ja, soos Hy jullle geleer het, moet
julle in die Seun bly.

# VRYDAG

LEES:
*1 Johannes 2:18–27*

SOAP:
*1 Johannes 2:25*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP - 1 Johannes 2:25*

EN DÍT IS WAT DIE SEUN ONS BELOWE HET: DIE EWIGE LEWE.

*Oordenking*

Dit is onmoontlik vir God om ‘n belofte te breek aangesien Hy waarheid en goedheid is. Elke belofte wat Hy maak, moet en sal Hy hou. Die grootste belofte van almal is dat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe sal hê. Om hierdie belofte gestand te doen, het beteken dat Hy soos ons geword het en aan die Kruis gesterf het. Dit is die Goeie Nuus van die Evangelie, dat Jesus gekom het om sondaars te red.

Hy hou daardie belofte.

Dit gee ons ‘n groot rede om die Here te loof en vreugde in elke dag te vind. Maak nie saak hoe moeilik ons dae is nie, ons kan vertroosting vind in die feit dat, wanneer ons tot die Here roep, Hy ons verhoor. Ons verlossing is verseker, omdat God nooit sy belofte sal herroep nie.

*Gebed*

Here, dankie vir die gawe van verlossing. Dankie dat U u beloftes gestand doen. Help my asseblief om diep dankbaar te wees vir die verlossing wat ek in U het. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat beteken dit om "in die lig te lewe"? Wat beteken dit om in duisternis te lewe?

2. Waarom is dit vir ons belangrik om as volgelinge van Jesus in die lig te lewe?

3. Waarom is belydenis van sonde belangrik? Watter effek het belydenis van ons sonde in ons harte en in ons lewens?

4. Waarom is dit vir ons belangrik dat ons Jesus nou as voorspraak het wanneer ons sondig? Hoe verander geloof in Jesus ons verhouding met God?

5. Waarom waarsku Johannes ons daarteen om die wêreld lief te hê? Hoe kan ons onsself daarteen beskerm?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 2

*Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.*

**1 JOHANNES 4:10**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou land te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Neem hierdie week ekstra tyd om na 1 Johannes 3:19-20 te kyk en dit te interpreteer. Hoe veroordeel ons gewete ons? Wat sê Romeine 8:1-4 hieroor? Hoe beïnvloed hierdie waarhede wat ons glo oor genade?

# M A A N D A G

*S k r i f g e d e e l t e s  v i r  W e e k  2*

## *1 Johannes 2:28-3:10*

28 En nou, liewe kinders, julle moet in Hom bly, sodat ons almal niks te vrees sal
hê wanneer Hy kom nie en by sy wederkoms nie beskaamd voor Hom sal staan
nie. 29 Aangesien julle weet dat Hy regverdig is, weet julle ook dat elkeen wat
regverdig lewe, 'n kind van God is.

1 Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van
God en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie. 2
Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons
sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons
sal Hom sien soos Hy werklik is. 3 Elkeen wat hierdie verwagting in verband met
Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.

4 Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding
van die wet van God. 5 Julle weet dat Jesus gekom het om die sondes weg te neem,
en daar is geen sonde in Hom nie. 6 Iemand wat in Hom bly, hou nie aan met
sondig nie; iemand wat aanhou sondig, het Hom nie gesien nie en ken Hom nie. 7
Liewe kinders, moenie dat iemand julle mislei nie: wie regverdig lewe, is regverdig
soos Hy regverdig is; 8 wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die
duiwel hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom
om die werk van die duiwel tot niet te maak. 9 Iemand wat 'n kind van God is,
doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer
sondig nie, omdat hy uit God gebore is. 10 Hiéraan is dit duidelik wie kinders van
God en wie kinders van die duiwel is: iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy
broer liefhet nie, behoort nie aan God nie.

# MAANDAG

LEES:
*1 Johannes 2:28–3:10*

SOAP:
*1 Johannes 2:28–29*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP - 1 Johannes 2:28–29*

EN NOU, LIEWE KINDERS, JULLE MOET IN HOM BLY, SODAT ONS ALMAL NIKS TE VREES SAL HÊ WANNEER HY KOM NIE EN BY SY WEDERKOMS NIE BESKAAMD VOOR HOM SAL STAAN NIE. AANGESIEN JULLE WEET DAT HY REGVERDIG IS, WEET JULLE OOK DAT ELKEEN WAT REGVERDIG LEWE, 'N KIND VAN GOD IS.

*Oordenking*

Wanneer iets vir ons belangrik is, is dit geneig om gereeld na vore te kom in ons gesprekke. Dit wil voorkom asof die onderwerp van 'bly' 'n waarheid is waaroor Johannes baie passievol was. Hy het meer breedvoerig daaroor geskryf in Johannes 15, en weer hier in 1 Johannes 2.

Om te bly beteken om êrens te "woon". Geestelik gesproke moet ons in Jesus bly of woon. Ons moet so nou aan Hom gebind wees dat ons hart en gedagtes heel eerste op Hom gerig is voor iemand of iets anders. Dit beteken dat ons sy Woord, sy weë en sy werke liefhet. Een manier om te weet of ons in Hom bly, is om onsself af te vra: "Is ek verveeld met die Evangelieboodskap?" As ons bly in Hom, sal ons nie verveeld wees met Jesus en alles wat Hy namens ons gedoen het nie.

Diegene wat in Hom bly, sal vertroue hê wanneer Hy terugkom, omdat hulle weet dat hulle prioriteite reg was, dat hulle geloof sterk was, en hul hoop standvastig was omdat hulle nou aan Jesus verbind was.

*Gebed*

Here, ek erken dat dit soms maklik is om meegevoer te raak deur die weë van die wêreld, die lewensaktiwiteite of die swaarkry in my omstandighede. Help my asseblief om my oë op U te hou. Help my om U lief te hê met my hele hart, verstand en siel, sodat u Woord voorrang geniet. Maak gebed 'n vreugde en 'n vertroosting in my lewe en help my om die belangrikheid daarvan te sien om in U te bly. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *1 Johannes 3:11-17*

11 Dít is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Ons moet
mekaar liefhê. 12 Moenie soos Kain wees nie. Hy het aan die Bose behoort en het
sy broer vermoor. En waarom het hy hom vermoor? Omdat sy eie dade sleg was en
sy broer s'n reg.

13 Broers, moenie verbaas wees as die wêreld julle haat nie. 14 Ons weet dat ons
klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie
liefhet nie, bly in die dood. 15 Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar; en julle
weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie. 16 Hiéraan weet ons
wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons
broers af te lê. 17 Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen
gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde van God in Hom wees?

# DINSDAG

LEES:
*1 Johannes 3:11–17*

SOAP:
*1 Johannes 3:16–17*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP - 1 Johannes 3:16–17*

HIÉRAAN WEET ONS WAT LIEFDE IS: JESUS HET SY LEWE VIR ONS AFGELÊ. ONS BEHOORT OOK ONS LEWENS VIR ONS BROERS AF TE LÊ. WIE AARDSE BESITTINGS HET EN SY BROER SIEN GEBREK LY, MAAR GEEN GEVOEL VIR HOM HET NIE – HOE KAN DIE LIEFDE VAN GOD IN HOM WEES?

*Oordenking*

Dit is maklik om die woorde "Ek het jou lief" te sê, maar om daardie woorde in dade om te sit, is baie moeiliker omdat dit meer van ons verg. Dit vra van ons om ons lewens vir mekaar af te lê. Ons sal waarskynlik nie 'n koeël hoef te vat of voor 'n sneltrein in te spring om iemand te red nie. Ons sal egter dinge moet doen soos om selfsug opsy te skuif en ander se belange en behoeftes voor ons eie te stel. Ons word geroep om hierdie liefde teenoor ons eie gesinne, gemeenskappe en selfs die kerk regoor die wêreld te betoon.

Hierdie roeping het 'n duur prys. Dit vra van ons om te vergewe, waarheid te spreek, mekaar se laste dra, vir mekaar te bid en ons eie belange opsy te skuif. Dit beteken dat ons al daardie "mekaar"-verse moet uitleef. Dit is 'n groot roeping; ons kan dit nie uit eie krag doen nie. Ons het God se krag in ons nodig om ander met meer as net woorde lief te hê.

*Gebed*

Here, die roeping om ander liewer as myself te hê is 'n moeilike een. Ek is van nature selfsugtig en hoogmoedig en ek het u hulp nodig om ware liefde te betoon aan diegene wat U in my lewe geplaas het. Help my om my gesin deur my optrede lief te hê. Help my om my vriende deur my stemtoon en houding lief te hê. Help my om my kollegas lief te hê deur graag dinge wat moeilik of oninteressant lyk, vir hulle te doen. Dankie dat ek deur u krag 'n getuie vir U kan wees deur die manier waarop ek ander behandel. Amen.

# W O E N S D A G

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*1 Johannes 3:18-24*

18 Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet
met die daad bewys word, en dan in opregtheid. 19 Hierdeur kan ons ook te wete
kom dat ons aan die ware God behoort en kan ons ons gewete voor Hom tot rus
bring. 20 As ons gewete ons veroordeel - God is groter as ons gewete, en Hy weet
alles. 21 Geiefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid
om na God te gaan; 22 en wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooie
gehoorsaam en doen wat Hy goedvind. 23 En dít is sy gebod: Ons moet in sy
Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat
Hy ons gegee het. 24 Wie se gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom.
Hiéraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee.

# WOENSDAG

LEES:
*1 Johannes 3:18–24*

SOAP:
*1 Johannes 3:19–20*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP - 1 Johannes 3:19–20*

HIERDEUR KAN ONS TE WETE KOM DAT ONS AAN DIE WARE GOD BEHOORT EN KAN ONS ONS GEWETE VOOR HOM TOT RUS BRING. AS ONS GEWETE ONS VEROORDEEL – GOD IS GROTER AS ONS GEWETE, EN HY WEET ALLES.

*Oordenking*

Twyfel jy ooit oor jou geloof as jy na jou gedagtes, begeertes en optrede kyk? (Moenie bekommerd wees nie, dis normaal). Ons is sondaars wat volgens God se hoë standaard probeer leef, en ons misluk. Johannes spreek hier ons twyfel aan. Ons sien maar alte maklik hoe ons faal in ons verhoudings of in ons wandel met God en voel oorweldig deur skuldgevoelens uit ons eie harte.

1 Johannes bemoedig ons deur ons te herinner dat God ons harte beter as ons ken. Hy ken die waarheid, Hy sien hoe ons probeer, en Hy kan die begeertes van ons harte lees. Hy weet dat ons begeer om die regte ding te doen, selfs al faal ons.

Wanneer ons twyfel, moet ons onsself afvra, Glo ek dit? Bly ek in Jesus? Begeer ek om ander lief te hê en my liefde deur dade te wys en nie net woorde nie?

*Gebed*

Here, dis maklik om my sondigheid en tekortkomings raak te sien en aan die egtheid van my geloof te twyfel. Stuur asseblief vir my die nodige aanmoediging om daardie twyfel tot rus te bring en om voort te gaan om die goeie stryd van die geloof te stry. Amen

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *1 Johannes 4:1-6*

1 Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar
is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen, ondersoek of
sy gees van God afkomstig is. 2 Hiéraan ken julle die Gees van God: elkeen wat
bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van
God afkomstig is. 3 En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat
van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris, die gees van wie julle
gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is.

4 Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat
Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is. 5 Hulle behoort aan
die wêreld, en wat hulle sê, is dus van die wêreld afkomstig, en die wêreld luister
na hulle. 6 Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons; wie nie aan
God behoort nie, luister nie na ons nie. Hieraan kan ons die Gees van die waarheid
en die gees van die dwaalleer onderskei.

# DONDERDAG

LEES:
*1 Johannes 4:1–6*

SOAP:
*1 Johannes 4:4–5*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP - 1 Johannes 4:4–5*

JULLE BEHOORT AAN GOD, LIEWE KINDERS EN HET DIE VALS PROFETE KLAAR OORWIN OMDAT HY WAT IN JULLE IS, GROTER IS AS DIE DUIWEL, WAT IN DIE WÊRELD IS. HULLE BEHOORT AAN DIE WÊRELD, EN WAT HULLE SÊ, IS DUS VAN DIE WÊRELD AFKOMSTIG, EN DIE WÊRELD LUISTER NA HULLE.

*Oordenking*

Daar is baie valsheid in die wêreld. Dit is dwaas om alles te glo wat ons hoor. Ons moet seker maak dat ons alles aan die Skrif meet om ons daarvan te vergewis dat wat ons glo, waar is. Dit geld vir die boeke wat ons lees, die preke wat ons hoor, en die filosofieë wat die wêreld verkondig. Alles moet aan God se Woord getoets word om seker te maak dat ons God met ons lewens eer.

Uit ons eie is ons nie sterk of wys genoeg om die waarheid te onderskei nie. Gelukkig hoef ons dit nie uit onsself te doen nie. God in ons laat ons die oorwinning behaal. Satan is geslepe, maar God is waarheid. Dit mag dalk lyk asof die wêreld uitgeslape en vol oorredingsvermoë is, maar God is magtiger. Net Hy is regverdig en Hy verklaar almal wat hulle geloof in Hom plaas, regverdig.

*Gebed*

Here, die wêreld verheerlik sonde en probeer my oorreed om hulle sonde na te volg. Vul my met u wysheid om te kan onderskei wat reg en wat verkeerd is, en gee my die krag om vir u waarheid op te staan. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*1 Johannes 4:7:11*

7 Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat
liefhet, is 'n kind van God en ken God. 8 Wie nie liefhet nie, het geen kennis
van God nie, want God is liefde. 9 Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy
enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan
hê. 10 Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde
wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

11 Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar
ook lief te hê.

# VRYDAG

LEES:
*1 Johannes 4:7–11*

SOAP:
*1 Johannes 4:10*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP - 1 Johannes 4:10*

WERKLIKE LIEFDE IS DÍT: NIE DIE LIEFDE WAT ONS VIR GOD HET NIE, MAAR DIE LIEFDE WAT HY AAN ONS BEWYS HET DEUR SY SEUN TE STUUR AS VERSOENING VIR ONS SONDES.

*Oordenking*

As jy die grooste gebaar van liefde wil sien, kyk na die kruis. God die Vader het dít wat die kosbaarste vir Hom is, sy Seun, gegee om sy volk te red. Maar die mense vir wie God se Seun gekom het, het Hom nie liefgehad nie. Om die waarheid te sê, hulle het Hom verwerp, was onregverdig, onvolmaak, opstandig en hardkoppig. Beskryf dit ons nie ook nie?

God het sy Seun vir ons gestuur al is ons sondaars. Selfs nou, kom ons in opstand teen God, ignoreer sy Woord, gaan ons eie gang en glo met trots dat ons beter weet. Tog is Hy lief vir ons. Sy getrouheid is onwrikbaar, ongeag hoe gereeld ons Hom faal. God se liefde vir ons oorskadu elke liefdesverhaal wat ooit onder mense sal bestaan.

*Gebed*

Here, dankie dat U my so liefgehad het dat U u Seun gestuur het om vir my te sterf. Help my om die eindeloosheid van hierdie liefde te sien en met danksegging en aanbidding te reageer. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat beteken dit om "in Hom te bly"? Hoe word dit in jou daaglikse lewe vertoon?

2. Waarom is dit belangrik vir ons om vrygewig te wees teenoor ander gelowiges? Hoe kan jy vrygewig wees met die hulpbronne wat God jou gegee het om ander in die liggaam van Christus te seën en te versorg?

3. Hoe kan jy die leringe van ander toets om te weet of dit van God is of nie? Waarom is dit 'n belangrike praktyk?

4. Hoe het God sy liefde aan ons bewys? Hoe gaan Hy voort om sy liefde aan ons te bewys?

5. Hoe kan ons die liefde van God aan die wêreld openbaar?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 3

*En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.*

**1 JOHANNES 4:16**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou vriende te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Dink hierdie week aan iemand in jou lewe met wie jy die getuienis van Jesus kan deel (1 Johannes 5:11-12). Wie in jou lewe moet hierdie waarheid hoor? Vra God om jou hierdie week 'n duidelike geleentheid te gee om jou geloof met hierdie persoon te deel en vra Hom vir dapperheid om te deel wanneer die geleentheid aanbreek.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*1 Johannes 4:12-19*

12 Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik. 13 Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. 14 En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het.

15 Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. 16 En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom. 17 Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. 18 Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. 19 Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.

# MAANDAG

LEES:
*1 Johannes 4:12–19*

SOAP:
*1 Johannes 4:16*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP - 1 Johannes 4:16*

EN ONS KEN DIE LIEFDE WAT GOD VIR ONS HET, EN ONS GLO DAARIN. GOD IS LIEFDE; WIE IN DIE LIEFDE BLY, BLY IN GOD EN GOD BLY IN HOM.

*Oordenking*

God is liefde. Dit is nie iets wat Hy geleer het nie, of ‘n eienskap wat Hy net somtyds wys nie. Liefde is wie Hy is. Die rede waarom ons geloof het en in staat is om God lief te hê, is omdat Hy ons eerste liefgehad het. Geloof en liefde is vrugte van God wat ons gered het. Dit is waarom ons ons vyande kan liefhê en bid vir diegene wat verkeerde dinge teenoor ons doen. Dit is ‘n beeld van hoe God ons liefgehad het terwyl ons sondaars was. Dit wys dat ons verander word na die beeld van God.

As God liefde is, moet Hy sonde regverdig hanteer. Hy kan sonde nie ignoreer nie, dit sou nie liefdevol of reg wees nie. Dit is een van die ongelooflike feite van Jesus se koms na die aarde om die straf wat ons toegekom het, op Hom te neem. Deur sy Seun op te offer, het God terselfdertyd sy liefde en sy geregtigheid getoon.

*Gebed*

Vader, u liefde is verstommend en onverstaanbaar. Help my om te besef hoeveel U my liefhet, en help my om U lief te hê met my hele hart, verstand en siel. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *1 Johannes 4:20-5:4*

20 As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want
wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat
hy nie kan sien nie. 21 En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God
liefhet, moet ook sy broer liefhê.

1 Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God; en elkeen wat vir die
Vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van die Vader is. 2 Hiéraan weet
ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie
onderhou. 3 Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam.
Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie, 4 want enigeen wat 'n kind
van God is, kan die sondige wêreld oorwin.

En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof.

# DINSDAG

LEES:
*1 Johannes 4:20–5:4*

SOAP:
*1 Johannes 5:3*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP - 1 Johannes 5:3*

DIE LIEFDE VIR GOD BESTAAN DAARIN DAT ONS SY GEBOOIE GEHOORSAAM. SY GEBOOIE IS OOK NIE MOEILIK OM TE GEHOORSAAM NIE.

*Oordenking*

Hoe kan ons weet of ons God liefhet? Ons probeer soms om die antwoord te kompliseer, maar die maklikste manier om te weet, is deur die volgende vraag te beantwoord: “Kom ek sy gebooie na”?

Sonde staan in die weg en probeer ons ontspoor en ontmoedig. Satan probeer vir ons lieg deur vir ons te sê dat ons mislukkings is. Die wêreld probeer om ons op paaie te lei wat miskien aangenaam mag lyk, maar gevaarlik en verkeerd is.

Hierdie verse in 1 Johannes herinner ons daaraan dat God se weë nie moeilik is nie. Ons het die krag van God in ons en ons het die vermoë om die sonde te oorkom en ‘n regverdige lewe te lei. Ons kan sien wat reg en wat verkeerd is, en ons kan die leuens van Satan stil maak deur die waarhede van God te glo. Op die dae wanneer ons swak of broos is, kan ons troos vind in die waarheid dat God ons vergewe het. Elke dag is ‘n nuwe begin in ons strewe om God lief te hê.

*Gebed*

Here, u gebooie is goed. Dankie dat U my met rus laat, maar my alles gee wat ek nodig het om ‘n goddelike lewe te leef en U te verheerlik. Help my om al die hulp wat U my gee te onthou, en help my om te onthou om U aan te roep in my tyd van nood. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *1 Johannes 5:5-12*

5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van
God is? 6 Die Een wat deur die water van sy doop en die bloed van sy dood na ons
toe gekom het, is Jesus Christus; nie net deur die water nie, maar deur die water
én die bloed. Die Gees is die getuie daarvan, en die Gees is die waarheid. 7 Daar is
dus drie wat getuig: 8 die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis
stem ooreen.

9 Ons aanvaar mense se getuienis, hoeveel te meer die getuienis van God, want
dit is God wat getuig, en die getuienis handel oor sy Seun. 10 Wie in die Seun
van God glo, besit die getuienis in sy hart; wie God nie glo nie, maak Hom tot
leuenaar, omdat hy nie die getuienis glo wat God oor sy Seun gelewer het nie. 11
En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur
sy Seun. 12 Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het
ook nie die lewe nie.

# WOENSDAG

LEES:
*1 Johannes 5:5–12*

SOAP:
*1 Johannes 5:11–12*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP - 1 Johannes 5:11–12*

EN DIE GETUIENIS BEHELS DÍT: GOD HET ONS DIE EWIGE LEWE GEGEE, EN DIÉ LEWE IS DEUR SY SEUN. WIE DIE SEUN HET, HET DIE LEWE; WIE NIE DIE SEUN VAN GOD HET NIE, HET OOK NIE DIE LEWE NIE.

*Oordenking*

In 1 Johannes 5: 11-12 vind ons ‘n duidelike verklaring van hoe die ewige lewe gevind kan word. Johannes stel dit baie duidelik dat lewe slegs in die Seun van God gevind word en wie in die Seun glo, ontvang hierdie lewe. Daar is geen ander weg na die ewige lewe nie. Diegene wat hierdie getuienis verwerp, maak Hom tot leuenaar (1 Joh. 5:10). Die boodskap van verlossing was vir Johannes so belangrik dat hy baie spesifiek in sy brief was. Hy wou nie hê dat sy lesers verwar moet word nie: Glo in Jesus en jy sal gered word, jy sal lewe vind. Dit is nie ‘n klein bietjie lewe nie, maar ‘n lewe ten volle. Ons kan ons nie eens voorstel hoe dit sal lyk nie.

Gelukkig begin ons reeds die volheid van die lewe hier op aarde ervaar. Die werk van Jesus in ons lewens word bewys deur die feit dat Hy ons verander na Sy beeld, ons vrede gee in moeilike situasies, ons help om diegene wat moeilik is om lief te hê, lief te hê en ons toelaat om vergifnis te skenk aan ander.

*Gebed*

Here, ek dank U dat my verlossing nie afhang van hoe goed ek is nie, maar van hoe goed U is. Dankie dat U u Seun gestuur het om namens my te sterf, en dankie dat U my die gawe van geloof gegee het, sodat ek die lewe kan verkry. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *1 Johannes 5:13-21*

13 Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.

14 En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede
verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. 15 En aangesien ons weet dat Hy ons
gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.
16 As iemand sy broer sonde sien doen wat nie tot die dood lei nie, moet hy bid
en God sal die broer die ewige lewe gee. Dit geld dié wat sonde doen wat nie tot
die dood lei nie. Daar is sonde wat tot die dood lei; daarvoor sê ek nie dat hy moet
bid nie. 17 Alle ongeregtigheid is sonde, maar daar is sonde wat nie tot die dood
lei nie.

18 Ons weet dat iemand wat uit God gebore is, nie meer sondig nie, maar die
Seun van God bewaar hom, en die duiwel kry geen houvas op hom nie. 19 Ons
weet dat ons aan God behoort en dat die hele sondige wêreld in die mag van die
duiwel is. 20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee
het om die ware God te ken; en ons in die ware God, in sy Seun, Jesus Christus.
Hy is die ware God en die ewige lewe. 21 Liewe kinders, bly dus weg van afgode
af.

# DONDERDAG

LEES:
*1 Johannes 5:13–21*

SOAP:
*1 Johannes 5:14–15*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP - 1 Johannes 5:14–15*

EN NOU KAN ONS MET VRYMOEDIGHEID NA GOD GAAN, OMDAT HY ONS GEBEDE VERHOOR AS ONS ENIGIETS VOLGENS SY WIL VRA. EN AANGESIEN ONS WEET DAT HY ONS GEBEDE VERHOOR AS ONS IETS SÓ VRA, WEET ONS OOK DAT ONS KRY WAT ONS VAN HOM VRA.

*Oordenking*

Johannes wou sy lesers aanmoedig om seker te wees van hul ewige verlossing. Al wat nodig is, is dat ons ons geloof in Jesus plaas. As ons dit doen, is ons gered (vers 13).

Hierdie sekerheid van verlossing moet ook vir ons sekerheid gee in ons gebedslewe. God hoor sy kinders se gebede. Hy wil hê dat ons na Hom toe moet kom en met Hom kom praat. Hy wil hê dat ons ons harte moet uitstort, ons sondes bely en vra vir die dinge wat ons nodig het. Dit beteken nie dat al ons versoeke beantwoord sal word soos ons wil hê dit moet beantwoord word nie. God weet wat die beste vir ons is, al lyk dit nie altyd vir ons of Hy ten goede meewerk nie.

Dit is ons geloof wat ons toelaat om God se wil vir ons te aanvaar. Ons geloof gee ons hoop en sekerheid dat ons God se doel in ons lewens kan vertrou, selfs al verstaan ons nie altyd wat God doen nie.

*Gebed*

Here, dankie dat ek sonder oordeel of veroordeling in gebed voor U kan kom. Dankie dat U wil hê dat ek my hart by U uitstort. Versterk asseblief my geloof sodat ek die manier waarop U my gebede beantwoord, kan aanvaar en U kan prys te midde van antwoorde wat ek nie verstaan nie. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

*2 Johannes 1:1-4*

1 Van die oudste. Aan die uitverkore vrou en aan haar kinders. Ek het julle
waarlik lief, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die waarheid ken, 2 omdat
die waarheid in ons bly en ewig by ons sal wees. 3 Die genade, barmahrtigheid en
vrede wat van God die Vader kom en van Jesus Christus, die Seun van die Vader,
sal by ons wees wat in die waarheid en die liefde is.

4 Ek was baie bly toe ek van jou kinders teëgekom het wat in ooreenstemming met
die waarheid lewe, volgens die gebod wat ons Vader ontvang het.

# VRYDAG

LEES:
*2 Johannes 1:1–4*

SOAP:
*2 Johannes 1:4*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP - 2 Johannes 1:4*

EK WAS BAIE BLY TOE EK VAN JOU KINDERS TEËGEKOM HET WAT IN OOREENSTEMMING MET DIE WAARHEID LEWE, VOLGENS DIE GEBOD WAT ONS VAN DIE VADER ONTVANG HET.

*Oordenking*

2 Johannes word geskryf aan ‘’n uitverkore vrou en haar kinders’ (v. 1). Baie geleerdes glo dat hierdie uitverkore vrou die kerk en sy lidmate verteenwoordig. Dit het aan Johannes groot vreugde verskaf om te hoor dat die lidmate van hierdie kerk in die waarheid gewandel het.

Ons lewe in Christus is meer as wat ons glo oor Hom; dit is hoe ons leef. Geloof en werke gaan hand aan hand (Jak. 2:14-26). Sonder werke is ons geloof net praatjies. Jakobus praat ook hieroor in sy boek, as hy sy lesers vermaan om doeners van die Woord te wees en nie het hoorders nie.

Ons lewens is ‘n getuienis na buite van wat in ons harte aangaan. As God ons harte verander het, dan moet dit blyk uit die manier waarop ons ons lewe. Ons sê dat God goed is. Hoe beïnvloed dit ons moeilike dae? Ons sê ons is dankbaar en met ontsag vervul oor die feit dat God al ons sondes vergewe het. Hoe vergewe ons ander?

*Gebed*

Here, die verlossing wat U ons gee, vergewe ons nie net van al ons sondes nie, maar stel ons in staat om regverdig te lewe. Help my om te onthou hoe goed U vir my was, sodat ek goed kan wees aan ander. Help my om die geloof wat ek sê ek het, uit te leef. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe verdryf volmaakte liefde vrees?

2. Waarom hou gehoorsaamheid en liefde nou verband met ons wandel met God?

3. Hoe weet ons of ons bid volgens die wil van God? Hoor Hy ons as ons nie volgens Sy wil bid nie?

4. Hoe wil God hê dat ons Hom moet nader wanneer ons bid?

5. Bring dit vir God vreugde as ons in die waarheid lewe en sy opdragte nakom? Hoe is dit anders as om ons verlossing deur goeie werke te verdien?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 4

*En liefde beteken dat ons volgens die gebooie van God lewe. Soos julle van die begin af gehoor het, is dit sy gebod dat julle in die liefde moet lewe.*

**2 JOHANNES 1:6**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou kerk te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Wie in jou lewe demonstreer getrouheid? Watter tipe dinge doen hulle vir die kerk? Wat kan jy hierdie week doen om hulle te ondersteun? Neem hierdie week aksie om daardie mense in jou lewe wat die hande en voete van Jesus is en wat groot getrouheid demonstreer, te ondersteun.

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*2 Johannes 1:5-8*

5 En nou het ek ‘n versoek, geagte vrou. Dit is nie iets nuuts wat ek vir julle
voorskrywe nie, maar ‘n gebod wat ons van die begin af gehad het: Ons moet
mekaar liefhê. 6 En liefde beteken dat ons volgens die gebooie van God lewe. Soos
julle van die begin af gehoor het, is dit sy gebod dat julle in liefde moet lewe. 7
Daar het baie misleiers te voorskyn gekom in die wêreld. Hulle erken nie dat Jesus
die Christus is wat mens geword het nie. Dit is wat ek met “die misleier”, “die
antichris”, bedoel. 8 Julle moet toesien dat julle nie verloor wat ons voor gewerk
het nie, maar dat julle die volle loon ontvang.

# MAANDAG

LEES:
*2 Johannes 1:5–8*

SOAP:
*2 Johannes 1:6*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP - 2 Johannes 1:6*

EN LIEFDE BETEKEN DAT ONS VOLGENS DIE GEBOOIE VAN GOD LEWE. SOOS JULLE VAN DIE BEGIN AF GEHOOR HET, IS DIT SY GEBOD DAT JULLE IN DIE LIEFDE MOET LEWE.

*Oordenking*

Dwarsdeur die hele Skrif, vanaf Levitikus en ook in Deuteronomium, beveel God sy mense om Hom en hulle naaste lief te hê. Wat is hierdie liefde? 2 Johannes verduidelik dat as ons gehoorsaam is aan die gebooie van God, ons die Here en ons naaste liefhet. As ons doen wat die Skrif sê, wys ons ons liefde vir God. Op sy beurt sal dit daartoe lei dat ons reg en met liefde optree teenoor diegene rondom ons.

Dit mag eenvoudig lyk, maar dit is beslis nie maklik nie. Ons hardkoppigheid, trots, selfsug en ontevredenheid staan in die pad. Ons kan so maklik oorweldig word deur ons sonde en die leuen glo dat dit onmoontlik is om God se opdragte te volg. Maar wanneer ons met Hom wandel, rus Hy ons toe met alles wat ons nodig het om sy wil te doen (Heb. 13:21). Die God wat die opdrag gee ons Hom lief te hê, is ook die Een wat ons tot hulp sal kom wanneer ons vra.

*Gebed*

Here, ek wil so graag vir U en ander liefhê, maar as dit daarby kom om gehoorsaam te wees aan u Woord, skiet ek tekort. Bemoedig my en help my dat dit vir my aangenaam sal wees om te doen wat U behaag, sodat my woorde van liefde ook in my aksies tot uiting kan kom. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *2 Johannes 1:9-13*

9 Elkeen wat nie by die leer oor Christus bly nie, maar daaraan verander, erken
God nie. Wie in dié leer bly, erken sowel die Vader as die Seun. 10 As daar iemand
na julle toe kom wat ‘n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang
nie en hom selfs nie groet nie, 11 want wie hom groet, is saam skuldig aan die
kwaad wat hy doen.

12 Daar is nog baie dinge om vir julle te sê. Ek wil dit egter nie skriftelik doen
nie, maar hoop om na julle toe te kom en persoonlik met julle te praat, sodat ons
blydskap volkome kan wees.

13 Die kinders van jou uitverkore suster stuur vir jou groete.

# DINSDAG

LEES:
*2 Johannes 1:9–13*

SOAP:
*2 Johannes 1:12*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP - 2 Johannes 1:12*

DAAR IS NOG BAIE DINGE OM VIR JULLE TE SÊ. EK WIL DIT EGTER NIE SKRIFTELIK DOEN NIE, MAAR HOOP OM NA JULLE TOE TE KOM EN PERSOONLIK MET JULLE TE PRAAT, SODAT ONS BLYDSKAP VOLKOME KAN WEES.

*Oordenking*

In sy brief het Johannes  nie vertel waar sy lesers woon of hoe lank dit hom sou neem om daarheen te reis nie. Hy het wel sy begeerte uitgespreek om hulle te besoek. Intussen het hy aan hulle geskryf omdat hy so passievol oor sy boodskap was. Die boodskap van hierdie tweede brief was so deurslaggewend dat dit nie kon wag vir 'n gesprek van aangesig tot aangesig nie.

As ons sien hoe diegene wat ons liefhet saam met die Here wandel, raak ons opgewonde en is ons gevul met opregte vreugde. Johannes was dieselfde in die sin dat hy regtig wou hê dat sy mede-broers en -susters in waarheid moet wandel en mekaar moet liefhê. Toe hy bewyse sien dat dit gebeur, was hy vol vreugde.

Hoe sou Johannes reageer as hy in ons huise of in ons kerke kom? Sou hy ons sien wandel in die waarheid wat ons in ons Bybels vind en ons mede-Christene liefhê met 'n opofferende liefde? Sou hy kon sê dat sy vreugde volkome was?

*Gebed*

Here, laat ons nie net oor u Woord praat nie, maar help ons om te doen wat ons lees. Laat ons liefde vir u en vir ander helder skyn in ons lewens. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*3 Johannes 1:1-4*

1 Van die oudste. Aan Gaius, my vriend, wat ek waarlik liefhet. 2 Liewe Gaius,
ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit
geestelik met jou gaan. 3 Ek was baie bly toe hier medegelowiges kom en van jou
trou aan die waarheid vertel, hoe jy in die waarheid lewe.

4 Niks verskaf my groter vreugde nie as om te hoor dat my kinders in die waarheid
lewe.

# WOENSDAG

LEES:
*3 Johannes 1:1–4*

SOAP:
*3 Johannes 1:4*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP - 3 Johannes 1:4*

NIKS VERSKAF MY GROTER VREUGDE NIE AS OM TE HOOR DAT MY KINDERS IN DIE WAARHEID LEWE.

*Oordenking*

Die derde brief van Johannes is nie die eerste keer dat hy sy vreugde noem omdat hy God se kinders in die waarheid sien wandel nie. Hy het ook in sy tweede brief soortgelyke dinge geskryf.

Dit is nie genoeg om te sê dat ons Christene is of om te sê dat ons glo nie. Jakobus vertel dat selfs die duiwels glo, maar hulle word nie gered nie (Jak. 2:19). ‘n Waarlik veranderde hart word weerspieël in die manier waarop ons ons lewe leef, die manier waarop ons met ander praat, die manier waarop ons swaarkry en teleurstelling hanteer, die manier waarop ons opstaan vir die waarheid en die manier waarop ons ons prioriteite gekies het.

Om in die waarheid te wandel is meer as om met die Skrif saam te stem; dit is om God se Woord en sy weë lief te hê, ongeag die ongewildheid van daardie waarheid by diegene rondom ons. Met die hulp van God sal ons standvastig kan wees en leef volgens sy gebooie.

*Gebed*

Here, ek is so dankbaar dat U my nie alleen los nie, maar dat U my alles gee wat ek nodig het vir die lewe en godsaligheid. Help my om te onthou om daagliks aan te roep, sodat ek U met my lewe kan eer.  Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*3 Johannes 1:5-8*

5 Liewe Gaius, jy handel reg in wat jy vir jou medegelowiges doen, en dit nog
terwyl jy hulle nie eens geken het nie. 6 Hulle het hier voor die gemeente vertel
van jou liefde. Help hulle asseblief vir hulle verdere reis op ‘n wyse soos God dit
verwag, 7 want hulle is op reis om Christus te verkondig, en hulle ontvang niks
van die heidene nie. 8 Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou, sodat ons
daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid.

# DONDERDAG

LEES:
*3 Johannes 1:5–8*

SOAP:
*3 Johannes 1:8*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP - 3 Johannes 1:8*

DIT IS DUS ÓNS PLIG OM SULKE MENSE TE ONDERHOU, SODAT ONS DAARDEUR DEEL KAN BYDRA TOT DIE VERSPREIDING VAN DIE WAARHEID.

*Oordenking*

Almal word geroep om die evangelie aan ander te verkondig. Party word tot voltydse bediening geroep. Dit vereis dikwels van hulle om familie en vriende te verlaat en na plekke buite hulle gemaksone te gaan om die Goeie Nuus van die lewe, dood en opstanding van Jesus aan ander te bring.

Diegene wat nie geroep word om na ander lande te verhuis of om in voltydse bediening te tree nie, kan steeds bydra tot die verspreiding van God se boodskap van vergifnis deur dié wat gaan te ondersteun. Alle Christene behoort saam te werk om die koninkryk van God te bevorder. Sommige kan voortdurend bid, ander kan finansieel bydra, en ander kan huisvesting of materiële geskenke voorsien vir dié wat opofferings vir die Here maak.

*Gebed*

Here, wys vir ons elkeen watter rol ons moet speel om die Goeie Nuus van u vergifnis deur Jesus te verkondig. Help my om U te vertrou vir voorsiening om ander te help. Maak my oë oop om te sien op watter maniere U my roep om u kerk te dien en te ondersteun. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*3 Johannes 1:9-15*

9 Ek het 'n briefie aan julle gemeente geskrywe, maar Diotrefes, wat danig daarop
gesteld is dat hy hulle voorganger is, aanvaar nie ons gesag nie. 10 Daarom sal ek
die dinge wat hy doen, ter sprake bring as ek daarheen kom: hy versprei slegte en
vals gerugte oor ons; en asof dit nie genoeg is nie, ontvang hy self ook nie die
medegelowiges nie, en dié wat dit wil doen, belet hy en ban hy uit die gemeente.
11 Liewe Gaius, moenie die verkeerde voorbeeld volg nie, volg die goeie. Wie goed
doen, behoort aan God; wie verkeerd doen, het nie vir God gesien nie.

12 Van Demetrius getuig almal net wat goed is, en ook die waarheid bevestig dit.
Ons getuig dit ook, en jy weet dat ons getuienis waar is.

13 Ek moes vir jou nog baie dinge sê, maar ek wil dit nie skriftelik doen nie. 14
Ek hoop egter om jou binnekort te sien; dan kan ons persoonlik praat. 15 Ek wens
jou vrede toe. Die vriende hier stuur vir jou groete. Dra my groete oor aan die
vriende daar, aan elkeen persoonlik.

# VRYDAG

LEES:
*3 Johannes 1:9–15*

SOAP:
*3 Johannes 1:11*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP - 3 Johannes 1:11*

LIEWE GAIUS, MOENIE DIE VERKEERDE VOORBEELD VOLG NIE, VOLG DIE GOEIE. WIE GOED DOEN, BEHOORT AAN GOD; WIE VERKEERD DOEN, HET NIE VIR GOD GESIEN NIE.

*Oordenking*

Johannes se waarskuwing lyk taamlik op die man af; moenie boosdoeners navolg nie; doen wat goed is; volg diegene na wat die waarheid en goeie liefhet. Dieselfde voorskrif kom in Psalm 1 voor. Ons word almal met versoekings gekonfronteer om te doen wat verkeerd is. Soms faal ons en maak verkeerde keuses, ander kere staan ons vas en doen wat reg is. Die stryd tussen goed en kwaad is fel, selfs in ons eie harte.

Johannes verduidelik selfs verder dat diegene wat goed doen, aan God behoort en nie dié wat kwaad doen nie. Hy ontsien niemand nie. Dit beteken nie dat ons nie Christene is as ons iets verkeerd doen nie, maar as ons voortdurend kwaad najaag, dui dit op ‘n hart wat nie verander het nie. Die hart wat verander het, streef die goeie na want dit weet dit is wat God behaag.

*Gebed*

Here ek erken dat dit soms moeilik is om te doen wat reg is, veral wanneer dit ander nie eintlik skeel nie. Help my om u weë in so ‘n mate lief te hê dat dit my hart warm sal laat klop om die regte ding te doen. Ek loof en dank U dat U my voordurend vergewe wanneer ek misluk. U genade verbyster my. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe word liefde bewys wanneer ons die gebooie van God nakom?

2. Hoe kan ons in die liefde lewe en ook die opdragte van God nakom?

3. Wat beteken dit om getrouheid te demonstreer? Hoe kan jy vandag getrouheid aan ander bewys?

4. Hoe kan ons dít wat goed is, doen?

5. Wat kan ons doen om te verseker dat ons lewens beskerm is teen bose invloede, sodat ons net doen wat goed is?

# NOTAS

# NOTAS

# KEN HIERDIE WAARHEDE

## ***God het jou lief.***
Selfs wanneer jy onwaardig voel en voel of die wêreld teen jou is, God het jou lief - ja, vir jou - en Hy het jou vir 'n groot doel geskape.

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Johannes 3:16).

## ***Ons sonde skei ons van God.***
Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is.

God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Romeine 3:23).

## ***Jesus het gesterf sodat jy die lewe kan hê.***
Die gevolg van sonde is die dood, maar jou verhaal hoef nie daar te eindig nie! God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar, want Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Romeine 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Romeine 5:8).

## ***Jesus leef!***
Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

God se Woord sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Johannes 14:2-3).

## ***Ja, jy kan WEET dat jy vergewe is.***
*Aanvaar Jesus as die enigste weg na verlossing…*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Romeine 10:9-10).

### *Hoe lyk dit prakties?*

Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

> *God,*
> *Ek weet dat ek 'n sondaar is.*
> *Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om die liefde en*
> *vergifnis wat U vir my het met ope arms aan te neem nie.*
> *Ek vra vir U vergifnis.*
> *Ek glo dat U vir my sondes gesterf*
> *het en uit die dood opgestaan het.*
> *Ek gee alles wat ek is oor, en vra*
> *U om die Here van my lewe te wees.*
> *Help my om weg te draai van my sonde en U te volg.*
> *Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel*
> *soos ek onder U genade leef, en help my om te groei in U weë,*
> *soos ek daarna streef om U beter te ken.*
> *Amen.*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal jy ons e-mail by info@lovegodgreatly.com?

Ons sal jou graag wil help om te begin met hierdie opwindende reis as 'n kind van God!

# WELKOM VRIENDIN

*Love God Greatly* bestaan om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God se Woord ‘n prioriteit in hulle lewens te maak.

### *INSPIRERING*
van vrouens om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens deur ons Bybelstudie hulpbronne.

### *AANMOEDIGING*
van vrouens in hulle daaglikse wandel met God deur ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

### *TOERUSTING*
van vrouens om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

*Love God Greatly* bestaan uit ‘n pragtige gemeenskap van vrouens wat ‘n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel…om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By *Love God Greatly* sal jy ware, lewensegte vrouens vind. Vrouens wat onvolmaak, maar tog vergewe is. Vrouens wat minder van hulleself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat verlang om God deur Sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

*Love God Greatly* is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir *Love God Greatly* kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. LGG is toegewyd om kwaliteit Bybelstudie materiaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van ‘n vrou om te kan deelneem in een van ons studies nie. Alle LGG joernale en vertaalde joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com vir diegene wat nie kan bekostig om dit te koop nie. Ons joernale en boeke is ook te koop op Amazon. Soek vir “Love God Greatly” sodat jy al ons Bybelstudie joernale en boeke kan sien. 100% van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van *Love God Greatly* en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

DANKIE dat jy ‘n deelgenoot met ons is!

## WAT ONS AANBIED:

18 + Vertalings | Bybelleesplanne | Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly App | 80 + Lande Bedien
Bybelstudie Joernale & Boeke | Gemeenskapsgroepe

## ELKE LGG STUDIE SLUIT IN:

Drie Ooreenstemmende Blog Inskrywings
Memoriseerverse | Weeklikse Uitdaging | Weeklikse Leesplan
Oordenkingsvrae En Meer!

## ANDER LOVE GOD GREATLY STUDIES SLUIT IN:

Saligsprekinge | Ester | Woorde Maak Saak | Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde | Wees Dapper | Verlosser | Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel | Waarheid Oorwin | 1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs | Jakobus | Sy Naam Is... | Filippense | 1 & 2 Timoteus
Toegewy | Rut | Gebroke en Verlos | Wandel in Wysheid | God Met Ons
Jy is Vergewe | Dawid | Prediker | Groei deur Gebed | Name van God
Galasiërs | Psalm 119 | 1 & 2 Petrus | Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees | Die Bron van Dankbaarheid | Jy is Geliefd

*Besoek ons aanlyn by*

LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM/AFRIKAANS